**FRIESPERDTELERSGENOOTSKAP VAN SA**
**FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA**
**HENRY STRAAT 118**
**POSBUS / P O BOX 1060**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**
**TEL: 051-4100954**
**FAKS/FAX: 0865731021**
**Epos: alma@stemma.co.za**

# Handleiding vir Amptelike Skoue

**Doel**
Om alle partye betrokke by die organisasie van 'n amtelike skoue (Streek en Nasionalle Kampioenskappe van die Friesperd Telersgenootskap van SA) intelig rondom die vereistes, voorwaardes en verpligtinge rakende die organisasie en aanbied van amptelike skoue.

Hierdie protokol bevat:
1. Organiseering van 'n skou volgens die skou reëls van die FPTG van SA
2. Klas lys en verpligte Kampioenskappe
3. Skou uitslae
4. Vorms

## 1. Organiseering van 'n skou volgens die skou reëls van die FPTG van SA

### SKOU ORGANISASIE

**DOEL**

Om 'n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat die regulasies en reëls ten opsigte van skoue is.

1. **PLEK VAN SKOU**
   Die volgende Streek Skoue is goedgekeur naamlik.

a) Hopetown
b) Magogong
c) Secunda
d) Tulbagh

Die volgende nasionale skoue is goedgekeur naamlik.

a) Tulbagh (2018, daarna elke tweede jaar)
b) Hopetown (2019, daarna elke tweede jaar)

Skoukomitees waarvan die Skoue nog nie goedgekeur is deur die Raad nie, moet op die voorgeskrewe wyse aansoek doen. Sien vorm "A" aangeheg.

## 2. SKOUKOMITEE

Die skoukomitee moet uit twee (2) afsonderlike lede van die Friesperdtelersgenootskap bestaan.

Die pligte, verantwoordelikhede en magte van die skoukomitee is as volg:

a) Toesien dat die skou binne alle reëls en regulasies van die Friesperdtelersgenootskap plaasvind.
b) Die aanstel van Beoordelaars vir Streeks en Nasionale skoue, na die goedkeuring deur die Raad van die genomineerde lys voorgelê deur die Skoukomitee sestig (60) dae voor die aanvangsdatum.
c) Beoordelaars mag slegs in kennis gestel word deur die Skoukomitee na die goedkeuring in b) hierbo ontvang is vanaf die Raad.
d) Die aanstel van Beoordelaars vir Klub skoue, sonder goedkeuring deur die Raad.
e) Die aanstel van Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes asook die Aankondiger.
f) Toesien dat Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beampte asook die Aankondiger binne die neergelegde reëls, tydens die skou, funksioneer.
g) Die onderhandeling, en betaling van alle ooreengekome kostes ten opsigte van die Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes en die Aankondiger.
h) Op die voorgeskrewe wyse die inligting soos versoek, aan die Sekretaresse van die Friesperdtelersgenootskap deurgee, met ‘n minimum van sestig (60) dae voor die aanvang van die skou. Sien vorm “B” aangeheg.
i) Opvolg en toesien dat die Sekretaressse van die Friesperdtelersgenootskap die skou inligting aan die Lede deurgee per epos binne ‘n periode van minimum 30 (dertig) dae voor die sluitingsdatum vir inskrywings soos aangedui in vorm “B”.
j) Die reg voorbehou, in belang van die skou, om skouklasse te skrap en of saam te voeg, nadat inskrywings ontvang is.
k) Die bepaling van die inskrywingsgelde, stalgelde en enige ander gelde wat per inskrywing betaalbaar mag wees.
l) Toesien tot die vordering van alle gelde ten opsigte van die inskrywings tot die skou.
m) Die verkryging van borge na goeddenke.
n) Die daarstel van rosette en of pryse.
o) Hantering van bemarking en advertensies vir die betrokke skou.
p) Die administrasie, bestuur, hantering en uitbetaling, ten opsigte van alle aanspreeklikhede en uitgawes wat verband hou met die skou. Hantering van alle klagtes en griewe, gedurende die skou, ten opsigte van Lede, Vertoners, Beoordelaars en enige belanghebbendes by die skou.

## 3. BEOORDELAARS

a) Alle Beoordelaars moet deur die Friesperdtelersgenootskap amptelik goedgekeur wees. ‘n Lys van sodanige goedgekeurde Beoordelaars kan by die Sekretaresse van die Friesperdtelersgenootskap bekom word.
b) Slegs een (1) Internasionale Friesperd Beoordelaar word per skou toegelaat.
c) Daar word ‘n maksimum van twee (2) junior beoordelaars per skou toegelaat indien hulle reeds die Friesperdtelersgenootskap se teoretiese beoordelaarseksamen ten opsigte van die rasstandaarde, skoureëls en alle skouklas protokolle geslaag het, soos van tyd tot tyd aangebied deur die Friespertelersgenootskap, en of die SA Beoordelaarsvereniging.
d) Beoordelaars mag nie vir meer as drie (3) agtereenvolgende skoue op dieselfde skou beoordeel nie.
e) Vir alle Streek Skoue moet daar ‘n minimum van twee (2) Beoordelaars aangestel word.

f) Vir alle Toekennings-Genomineerde Skoue moet daar ‘n minimum van drie (3) Beoordelaars aangestel word en moet daar op die “High Low” sisteem gewerk word.
g) Vir alle Nasionale Skoue moet daar ‘n minimum van drie (3) Beoordelaars aangestel word en moet daar op die “High Low” sisteem gewerk word.
h) Beoordeling op die “High Low” sisteem is streng vertroulik. Beoordelaars mag glad nie met mekaar beraadslaag of in gesprek tree nie, al vorens hulle plasingskaarte nie almal ingehandig is nie.
i) Die Beoordelaars se spreekbuis gedurende die klas is die Baanbeampte en direkte kontak, gesprek of redenasie met die Vertoners of Helpers word nie toegelaat nie.
j) Beoordelaars moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle, rasstandaarde soos bepaal in die Grondwet van die Friesperdtelersgenootskap.
k) Beoordelaars moet ten alle tye eerlik, regverdig, onpartydig en konsekwent wees.
l) Beoordelaars mag slegs beoordeel wat hy of sy gedurende die klas sien. Geen vorige prestasies mag in ag geneem word nie.
m) Beoordelaars mag nie perde beoordeel waarby hy/sy persoonlik betrokke is nie, hetsy eienaarskap, afrigting, stallering, ens. Indien so ‘n situasie wel gedurende die skou sou ontstaan moet die betrokke Beoordelaar onmiddelik die Baanbeampte inlig wat dit sal deurgee aan die Bestuur van die Skoukomitee vir aksie.
n) Beoordelaars moet ten alle tye met ander Beoordelaars saamwerk maar moet nog steeds onafhanklik opereer.
o) Beoordelaars moet ten alle tye volledig en netjies geklee wees met 'n langbroek, hemp met ‘n das en ‘n baadjie.
p) Beoordelaars etiket moet eerbiedig word en te alle tye nagestreef word.
q) Junior Beoordelaars se plasingskaarte moet aan die einde van die skou vergelyk word met die van die Amptelike Beoordelaars en ‘n volledige verslag moet aan die Raad voorgelê word deur die Senior Beoordelaar, binne ‘n tydperk van dertig (30) dae na die afloop van die skou.
r) Junior beoordelaars moet ten minste een Amptelike Skou as Junior Beoordelaar beoordeel alvorens hy/sy in aanmerking kan kom om deur die Raad as Amptelike Beoordelaar aangestel te word met die uitreiking van ‘n Amptelike sertifikaat deur die Friesperdteleresgenootskap. Senior Beoordelaars van ander Rasse wat 75% en meer behaal het ten opsigte van die Friesperdtelersgenootskap se teoretiese beoordelaarseksamen ten opsigte van die rasstandaarde, skoureëls en alle skouklas protokolle, moet eers twee (2) streeks skoue beoordeel voor hulle in aanmerking kom om ‘n nasionale skou te beoordeel.

## 4. BAANBEAMPTES

a) Baanbeamptes moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle soos bepaal deur die Friesperdtelersgenootskap.
b) Sal optree as spreekbuis van die Beoordelaars na die Vertoners, helpers en die Aankondiger.
c) Sal opdragte vanaf die Beoordelaars uitvoer wat binne die skoureëls val.
d) Moet Beoordelaars se aandag vestig op enige ongeruimdhede wat onder sy/haar aandag sou kom.
e) Sal optree teen Vertoners, helpers en belanghebbendes wat die skoureëls verbreek.
f) Toesien dat slegs die toegelate persone gedurende die skouklas in die baan is nl:

- Beoordelaars
- Vertoners
- Helpers (Slegs in klasse waar dit volgens die klas protokol toelaatbaar is)

- Fotograwe en ander (Soos deur die Bestuur van die Skoukomitee deurgegee)

g) Mag onder geen omstandighede beslissings en of besprekings van Beoordelaars oordra aan die vertoners of die publiek nie.

**5. VERSAMELPLEK BEAMPTE**

a) Versamelplek Beamptes moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle soos bepaal deur die Friesperdtelersgenootskap. Alles in sy/haar vermoë doen om toe te sien dat Vertoners betyds by die versamelplek is.

b) Toesien dat alle skoureëls en vereistes van skouklas protokolle nagekom is alvorens Vertoners in die skoubaan toegelaat word. Die Beoorelaars en Baanbeamptes aanvaar derhalwe dat alle perde en Vertoners wat die skoubaan binne gaan aan alle vereistes, soos neergelê voldoen.

c) Die Versamelplek Beampte behou die reg voor om die perde en Vertoners die skoubaan te belet indien daar nie voldoende aan alle vereistes en skoureëls nagekom is nie.

d) Toesien dat slegs die ingeskrewe perd/e en Vertoner/s die baan betree.

e) Die diplomatiese hantering en bestuur van die skoubaan hek. Indien die hek reeds geluit is kan geen verdere perde of Vertoners of Helpers daarna toegelaat word nie.

**6. AANKONDIGER**

a) Sal toesien om aankondigings soos deur die Skoukomitee gevra te maak.

b) Sal toesien om aankondigings soos deur die Baanbeampte gevra word gedurende die verloop van sekere klasse te maak.

c) Sal toesien om die Klas plasings aan te kondig soos aan hom/haar voorsien.

d) In die algemeen ‘n bydrae te maak tot die gees en geordenheid van die skou.

**7. VEREISTES VIR ‘N AMPTELIKE SKOU**

‘n Skou sal onder die volgende omstandighede klassifiseer as ‘n Amptelike Skou.

a) Drie (3) Beoordelaars moet deur die Raad goedgekeur en aangewys word om die spesefieke skou te beoordeel.

b) Die Baanmeester/Hoof Baanbeampte moet deur die Raad goedgekeur word vir die spesefieke skou.

c) Al 30 kampioenskap klasse op die klaslys moet aangebied word op die skouprogram om te kan klassifiseer as ‘n Amptelike Skou.

d) Geen skou is verplig om al die klasse op die klaslys op die skouprogram in tesluit nie, maar wel al 31 kampioenskap klasse vir ʼn Amptelikke Skou.

## 2. Klas lys en verpligte Kampioenskappe

| FRIESPERD SKOUKLASSE 2019 | | |
|---|---|---|
| **HANDKLASSE** | | |
| | | **KAMPIOENSKAP** |
| F1 | **Kampioen vul o/12 maande** | **XXX** |
| F2 | Hings bo 1 jaar onder 2 jaar | |
| F3 | Hings bo 2 jaar onder 3 jaar | |
| F4 | Hings bo 3 jaar onder 4 jaar | |
| F5 | Hings bo 4 jaar onder 5 jaar | **XXX** |
| **X1** | **Junior Kampioen Hings** | |
| F6 | Merrie bo 1 jaar onder 2 jaar | |
| F7 | Merrie bo 2 jaar onder 3 jaar | |
| F8 | Merrie bo 3 jaar onder 4 jaar | |
| F9 | Merrie bo 4 jaar onder 5 jaar | |
| **X2** | **Junior Kampioen Merrie** | **XXX** |
| **F10** | **Reun aan die hand** | **XXX** |
| **F11** | **Senior Kampioen Hings 5 jaar en ouer** | **XXX** |
| **F12** | **Senior Kampioen Merrie 5 jaar en ouer** | **XXX** |
| F13 | Twee afstamelinge van 'n hings onder 5 jaar ( die hings word nie vertoon nie ) | |
| F14 | Twee afstamelinge van 'n merrie onder 5 jaar ( die merrie word nie vertoon ) | |
| F15 | Merrie met suipvul | |
| | | |
| | | |
| **RYKLASSE** | | |
| F16 | Driegang Hings/ Reun o/5 bo 2 jaar | |
| F17 | Driegang Merrie o/5 bo 2 jaar | |
| **X3** | **Junior Kampioen Driegang** | **XXX** |
| F18 | Driegang Universeel Hings/Reun o/5 bo 2jaar | |
| F19 | Driegang Universeel Merrie 0/5 bo 2jaar | |
| **X4** | **Junior Kampioen Driegang Universeel** | **XXX** |
| F20 | Driegang Hings/Reun 5 jaar en ouer | |
| F21 | Driegang Merrie 5 jaar en ouer | |
| F22 | Driegang Dames Ryperd | |
| F23 | Driegang Mans Ryperd | |
| **X5** | **Senior Kampioen Driegang** | **XXX** |
| F24 | Driegang Universeel Hings /Reun 5 jaar en ouer | |
| F25 | Driegang Universeel Merrie 5 jaar en ouer | |
| **X6** | **Senior Kampioen Driegang Universeel** | **XXX** |
| F26 | Stap-draf kinderryperd-Ruiter 10jr en onder (slegs merrie of reun) | |

| | | |
|---|---|---|
| F27 | Stap-draf kinderruiter- Ruiter 10jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F28 | **Stap-draf medaljeklas ruiter 12jr en onder (toets salgevra word, merrie of reun)** | |
| F29 | Stap-draf Universele  kinderryperd-Ruiter 10jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| **F30** | Stap-draf Universele kinderruiter-Ruiter 10jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F31 | Driegang Kinderryperd-Ruiter 14jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F32 | Driegang Kinderryperd-Ruiter 18j , bo 14jr (hings, merrie of reun) | |
| **X7** | **Kampioen Driegang Kinderryperd- Ruiter 18jr en onder (hings, merrie of reun)** | **XXX** |
| F33 | Driegang Universeel Kinder Ryperd –Ruiter 14jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F34 | Driegang Universeel Kinderryperd – Ruiter 18j, bo14jr (slegs merrie of reun) | |
| **X8** | **Kampioen Driegang Kinderryperd Universeel- Ruiter 18jr en onder (slegs merrie of reun)** | **XXX** |
| F35 | Driegang Kinderruiter-Ruiter 14jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F36 | Driegang Kinderruiter-Ruiter 18jr, bo14jr (hings,merrie of reun) | |
| F37 | **Champion of Champions Saddleseat Ruiter 18jr en onder (toets sal gevra word)** | |
| F38 | Driegang Universeel Kinderruiter – Ruiter 14jr en onder (slegs merrie of reun) | |
| F39 | Driegang Universeel Kinderryperd- Ruiter 18jr, bo 14jr (slegs merrie of reun) | |
| F40 | Driegang Plesierperd Merrie bo 2jr onder 5jr | |
| F41 | Driegang Plesierperd Hings/Reun bo 2jr onder 5jr | |
| **X9** | **Junior Kampioen Driegang Plesierperd** | **XXX** |
| F42 | Driegang Plesierperd Merrie bo 5jr | |
| F43 | Driegang Plesierperd Hings/Reun bo 5jr | |
| **X10** | **Senior Kampioen Driegang Plesierperd** | **XXX** |
| **F44** | **Kampioen Driegang Kinder Plesierperd- Ruiter 18 jr en onder (hings, merrie of reun)** | |
| F45 | Leiriem Kinders 8jr en onder Hings, Merrie of Reun | |

| **TUIGKLASSE** | | |
|---|---|---|
| F46 | Enkeltuig Nuwelings koetsier (Koetsier se eerste skou) | |
| F47 | Enkeltuig Hings/Reun bo 3jr onder 5jr | |
| F48 | Enkeltuig Merries bo 3jr onder 5jr | |
| **X11** | **Junior Kampioen Enkeltuig** | **XXX** |
| F49 | Dames Enkeltuig Hings/Merrie of Reun (Drywer bo 18jr) | |
| F50 | Enkeltuig Hings/Reun bo 5jr | |
| F51 | Enkeltuig Merries bo 5jr | |
| **X12** | **Senior Kampioen Enkeltuig** | **XXX** |
| F52 | Enkeltuig Kinders 15jr en onder (helper verpligtend) Hings,Merrie of Reun | |
| F53 | Enkeltuig Kinders 18jr en onder Hings, Merrie of Reun | |
| **F54** | **Junior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hings/Merrie of Reun onder 5jr** | **XXX** |
| F55 | Dames Enkeltuig Universeel Hings/Merrie of Reun (Dywer bo 18jr) | |

| | | |
|---|---|---|
| F56 | **Senior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hing/Merrie of Reun bo 5jr** | **XXX** |
| **F57** | Siertuig Hings, Merrie of Reun onder 3 jr | |
| F58 | Siertuig Hings/Reun onder 5jr | |
| F59 | Siertuig Merries onder 5jr | |
| **X13** | **Junior Kampioen Siertuig** | **XXX** |
| F60 | Dames Siertuig (drywer bo 18jr) | |
| F61 | Siertuig Hings/Reun bo 5jr | |
| F62 | Siertuig Merries bo 5jr | |
| **X14** | **Senior Kampioen Siertuig** | **XXX** |
| F63 | Siertuig Kinders 18jr en onder Hings, Merrie of Reun | |
| **F64** | **Junior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proef tydperk)** | **XXX** |
| **F65** | **Senior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proef tydperk)** | **XXX** |
| **F66** | **Junior Kampioen Dubbeltuig** | **XXX** |
| **F67** | Dubbeltuig Kinders 18jr en onder | |
| **F68** | **Kampioen Paar Koetsperde** | **XXX** |
| **F69** | Dubbeltuig Hings/Reun bo 5jr | |
| **F70** | Dubbeltuig Merries bo 5jr | |
| **F71** | Dames Dubbeltuig (drywer bo 18jr) | |
| **X15** | **Senior Kampioen Dubbeltuig** | **XXX** |
| F72 | Tandem Hings/Reun onder 5jr | |
| F73 | Tandem Merries onder 5jr | |
| **X16** | **Junior Kampioen Tandem** | **XXX** |
| F74 | Tandam Hings/Reun bo 5jr | |
| F75 | Tandem Merries bo 5jr | |
| **X17** | **Senior Kampioen Tandem** | **XXX** |
| F76 | Span van Vier Hingste/Reuns | |
| F77 | Span van Vier Merries | |
| **X18** | **Kampioen Span van Vier** | **XXX** |
| **F78** | **Kampioen Klawer** | **XXX** |
| **F79** | **Kampioen Span van Agt** | **XXX** |
| **F80** | **Kampioen Enkeltuig Plesierperd** | **XXX** |

Inskryfbare Kampioenskappe sonder kwalifiserende klasse is met Blou gemerk alle ander kampioenskappe se kwalifiserende klasse is met die selfde kleur asdie kampioenskap net voor die kampioenskap ge lys.

Geen Skou hoef nie al die klasse op die lys aan te bied nie, maar 'n amptelike skou moet al 30 kampioenskappe aanbied. Die 31 kampioenskappe is as volg:

## LYS VAN KAMPIOENSKAPPE

| | |
|---|---|
| 1 | Kampioen vul o/12 maande |
| 2 | Junior Kampioen Hings |
| 3 | Junior Kampioen Merrie |
| 4 | Senior Kampioen Hings 5 jaar en ouer |
| 5 | Senior Kampioen Merrie 5 jaar en ouer |
| 6 | Junior Kampioen Driegang |
| 7 | Junior Kampioen Driegang Universeel |
| 8 | Senior Kampioen Driegang |
| 9 | Senior Kampioen Driegang Universeel |
| 10 | Kampioen Driegang Kinderryperd- Ruiter 18jr en onder (hings, merrie of reun) |
| 11 | Kampioen Driegang Kinderryperd Universeel- Ruiter 18jr en onder (slegs merrie of reun) |
| 12 | Junior Kampioen Driegang Plesierperd |
| 13 | Senior Kampioen Driegang Plesierperd |
| 14 | Kampioen Driegang Kinder Plesierperd- Ruiter 18 jr en onder (hings, merrie of reun) |
| 15 | Junior Kampioen Enkeltuig |
| 16 | Senior Kampioen Enkeltuig |
| 17 | Junior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hings/Merrie of Reun onder 5jr |
| 18 | Senior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hing/Merrie of Reun bo 5jr |
| 19 | Junior Kampioen Siertuig |
| 20 | Senior Kampioen Siertuig |
| 21 | Junior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proef tydperk) |
| 22 | Senior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proef tydperk) |
| 23 | Junior Kampioen Dubbeltuig |
| 24 | Kampioen Paar Koetsperde |
| 25 | Senior Kampioen Dubbeltuig |
| 26 | Junior Kampioen Tandem |
| 27 | Senior Kampioen Tandem |
| 28 | Kampioen Span van Vier |
| 29 | Kampioen Klawer |
| 30 | Kampioen Span van Agt |
| 31 | Kampioen Enkeltuig Plesierperd |

## 3. Skou Uitslae

Amptelike skoue se uitslae is baie belangrik vir die punte berekening van jaarlikse toekenings en vir rekordhouding. Die volgende inligting moet aan die sekretaresse van die Genootskap gestuur word na afloop van 'n skou:

1. Die Voledige Ring kaarte met Plasings
2. Die beoordelaars se plasings
3. Duidelik gemerkte fotos van die Kampioene

**Voledige Ring Kaart:**

| KLAS NR | TYD | KLASNAAM | SATERDAG 16/02/2019 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 157 | 19:00 | X5 | FRIESPERD Senior Kampioen Driegang | | | |
| | PERD SKOU NR | PERD NAAM | INSKRYWER | EIENAAR | VERTONER | 1-5 PLASING |
| | 50 | NOORDHOEK EAGLE | | JORAMI STOET | JOHNNY MOORE | 3 |
| | 14 | BASTIAN ANNEBEL | | KLAAS VENTER | KLAAS VENTER | 4 |
| | 63 | ANKE V | | PEACH HEVEN | NICOLETTE COETZEE | 2 |
| | ~~24~~ | ~~JORAMI HERMIEN~~ | | ~~ERIKA WERNICH~~ | ~~ERIKA WERNICH~~ | |
| | 23 | JANSE VAN IKAHAN Q F S | | ERIKA WERNICH | AMOS CHARLES | 5 |
| | 75 | MAROY SABRINA | | | MANIE BEKKER | |
| | 55 | JORAMI TSIENKE | | JORAMI STOET | NIEL VALENTINE | 1 |
| | 56 | LORIMA WYBREN | | JORAMI STOET | ANDRE MOORE | |
| | 95 | JANSIE DANIQUA | | | PITSO LETSOENYO | |
| | 93 | JANSIE ZANDER | | JANSIE | SAN MARI STEENKAMP | |
| | 68 | NOORDHOEK TOKS | | | MARLIZE LOUW | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

'n Voledige Ring kaart het die volgende inligting:

- Die Perd se skou nommer
- Die perd se geregistreerde naam en voorvoegsel
- Die naam en van, van die geregistreerde eienaar
- Die naam en van, van die vertoner
- Die plasings duidelik en korek gemerk
- Al die deelnemers wat deelgeneem het aan die klas/kampioenskap
- Deelnemers wat nie in die baan ingekom het nie moet dood getrek word
- Die Klas naam en nommer volgens die program

**Beoordelaars se plasing:**

| **Klas:** | Friesperd Snr Kamp 3 Gang | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Plasing** | **Roep** | | | **Uitslag** |
| **1** | 55 | 63 | 55 | 55 |
| **2** | 63 | 55 | 50 | 63 |
| **3** | 50 | 50 | 63 | 50 |
| **4** | 23 | 14 | 14 | 14 |
| **5** | 95 | 23 | 75 | 23 |
| **6** | 14 | 95 | 23 | 95 |
| **7** | 93 | 75 | 95 | 75 |
| **Beoordelaar** | Louw | Van Wyk | Visser | |

Hier is 'n voorbeeld van Beoordeelskaart wat elke beoordelaar se plasings aandui asook die uitslag volgens die "High Low" stelsel.

So 'n kaart bevat:

- Die klas naam en nommer
- Watter beoordelaar die klas geroep het
- Elke beoordelaar se plasings
- Die uitslag van die klas

**Duidelik gemerkte fotos**

Die fotos van amptelike skoue se Kampioene word gebruik om die uitslae in publikasies te plaas. Om die regte foto by die regte inligting te kan plaas is dit belangrik dat die fotos duidelik gemerk is. Elke digetale foto het 'n nommer, 'Rename" asseblief die foto na die Kampioenskap se naam bv. SNR KAMPIOEN 3 Gang

## 4. Vorms

Volgens die Reëls van die Genootskap moet amptelike skoue die volgende vorms voltooi en aan die kantoor stuur

# SKOU INLIGTINGSBLAD

## SKOU GRONDE: ________________ STREEKS/NASIONAAL/ANDER

**<u>Algemeen / General:</u>**

| | |
|---|---|
| Perseel / Venue: | ______________________________ |
| Adres / Address: | ______________________________ |
| | ______________________________ |
| GPS / Google Maps: | ______________________________ |
| Skou Datum / Show Date: | ______________________________ |
| Sluitings Datum Inskrywings / Closing Date Entries: | ______________________________ |
| Terugbetalings / Refunds: | ______________________________ |
| Inskrywings Gelde / Entry Fee: | ______________________ per Klas / Class |
| Laat Inskrywings / Late Entries: | ______________________ per Klas / Class |
| Stallering / Stabling: | ______________ per Stal/Stable per Dag/Day |
| Nommer Dep / Number Dep: | ______________ per Nommer / Per Number |
| Prysgelde / Prize Money: | ______________________________ |
| Voer / Feed: | ______________________________ |
| Spyseniering / Catering: | ______________________________ |
| Reëls / Rules: | *2019 SA Friesperd Reëls Geldig. |
| Akkommodasie / Accommodation: | Verskaf lys van 5 gepasde instansies / Provide list of 5 suitable establishments |

Vrywaring / Indemnity: Alle skou dokumente / inskrywings moet n vrywaring vergesel

All show documention / entries must be accompanied by an Indemnity

**Beamptes / Officials:**

Beoordelaar 1/ Judge 1: ______ Tell: ______ Email: ______

Beoordelaar 2/ Judge 2: ______ Tell: ______ Email: ______

Beoordelaar 3/ Judge 3: ______ Tell: ______ Email: ______

Baan Meester / Arena Steward: ______ Tell: ______ Email: ______

Versamelring Beampte / Assembly Steward: ______ Tell: ______ Email: ______

Skou Sekretaris / Show Secretary: ______ Tell: ______ Email: ______

Aankondiger / Announcer: ______ Tell: ______ Email: ______

Veearts / Veterinary: ______ Tell: ______ Email: ______

Ongevalle / Emergency Assist: ______ Tell: ______ Email: ______

**Kontak / Contacts:**

Skou Kantoor / Show Office: ______ Tell: ______ Email: ______

Algemeen / General Enquiries: ______ Tell: ______ Email: ______

Stal Besprekings / Stable Booking: ______ Tell: ______ Email: ______

Logistiek / Logistics: ______ Tell: ______ Email: ______

Bankbesonderhede / Banking Details: ______

**Kantoor gebruik / Office use:**

Goedgekeur / Approved: ______

Kommentaar / Comments: ______

## REGISTRATION FORM FOR SHOW HOLDING BODIES

I, the duly authorized representative of the Show Holding Body, hereby apply to become registered as a Show Holding Body with The Friesian Horse Breeders' Society of South Africa.

# DETAILS OF APPLICANT

**Nature of person** (Select applicable nature of person)

A. Individual D. Public Authority / Municipality G. Show Holding Body
B. Partnership/ Body of persons E. NPO (Non-Profit Organization H. Welfare Organization
C. Company/CC/Share block F. Estate I. Trust

**Initials** (Only if nature of person is individual)**:** ____________________________________________

**Legal Name:** ________________________________________________________________ (In the case of an indi

**Trading as/Other Name:** ____________________________________________________________

**Registration Number:** ________________________________________________________________
(ID Number of Individual or Registration number of Company / CC / Trust / Fund / NPO)

**VAT Registration Number (if applicable):** ________________________________________________

**Postal Address:** ____________________________________________________________________

**Physical Address:** __________________________________________________________________

**Website Address:** __________________________________________________________________

**Province:** ________________________________ **Region:** ________________________________

**Work Tel:** ________________________________ **Cellphone:** ____________________________

**Email:** ___________________________________ **Fax:** __________________________________

## DETAILS OF THE AUTHORISED / RESPONSIBLE PERSON:

**Full name:** ________________________________________________________________________

**Title:** ________

**ID Number:** ______________________________ **Cellphone:** _____________________________

**Email:** _____________________________________

## DETAILS OF THE CONTACT PERSON

**Full name:** ________________________________________________________________________

**Title:** ________

**ID Number:** ______________________________ **Cellphone:** _____________________________

**Email:** _____________________________________

I ..............................., the duly authorized person, hereby confirm that all information contained in this application is true and correct and that the Show Holding Body will be bound by the Terms and Conditions of Registration as set out by FRIESIAN BREEDERS SOCIETY here below:

- The Show Holding Body undertakes to be a portal to the sport by offering equestrian events on behalf of The Friesian Horse Beerders' Society and its Discipline Associations and providing that information to Dressage SA
- The Show Holding Body is bound to affiliate to the discipline association/s for which it will hold show and events
- The Show Holding Body agrees to be bound by the rules and regulations of The Friesian Horse Beerders' Society as published from time to time
- The Show Holding Body indemnifies herewith The Friesian Horse Beerders' Society and its office bearers against all damages, losses, charges, costs, damages and all other expense and liability they may be incurred by any member, office bearer or competitor due to an accident or any other incident that may occur during an equestrian show held by this show holding body.
- The Show Holding Body will at all times ensure that proper and comprehensive insurance is in place to cover all accident or incidents that may occur during an equestrian show held by this show holding body.
- The Show Holding Body will ensure adherence to all safety regulations and legislation as is required for the holding of sporting events.
- That the show holding body agrees to comply with the requirements set out in all applicable laws, rules or regulations, and standards, as amended from time to time, including but not limited to, the Safety at Sports and Recreational Events Act, 2010 (Act No. 2 of 2010), and the SANS Standard 10366 : 2012.
- Please note that registration may be denied or revoked should the council deem that the Show Holding Body, its representatives or showgrounds (and everything pertaining to it) not be of proper standards. Ie Bathrooms, Security, Stables, Walk Ways, Water Supplies etc.

**Would you like to receive correspondence via email? YES / NO**

**Provide main email for correspondence: _______________________________________________**

**Important note:**
**Applicant and Witness to please initial each page.**

Registration Fee Payable R200.00 with application. Invoice will be send to the Show Holding Body.

This done and signed on the ______ day of _________________________ 20 _______ .

_____________________ _____________________
Applicant Witness

This done and signed on the ______ day of _________________________ 20 _______ .

_____________________ _____________________
Approved by Witness